# D I E   N O O D S A A K L I K E

# *ONTVANGS*

# VAN DIE

# *HEILIGE GEES!*

- Geld hierdie “ou”  boodskap nog vir vandag en indien wel, waarom?
- Waar het die Nuwe Verbond in plek geval?
- Waarom moes God `n Nuwe Verbond met die mens sluit?
- Waarom het God die Heilige Gees gestuur?
- Was God se bedoeling om die Heilige Gees-doping net eenmalig te gee?
- Wat is die verskil tussen die Menorah Lamp en die Sagaria Lamp?
- Was God se bedoeling om die mens in sy sondige bestaan te aanvaar OF
- Om hom uit die mag van sonde te bevry?
- Wat word bedoel met die “Volmaakte” wat aan die voleinding van die eeue weer sal verskyn (1 Kor. 13.10)?
- Hoe behoort ons die Pauliniese volwasse man teenoor kind-analoog te verklaar?
- Is daar meer as een Middelaar, naamlik (1) die Gees en (2) Jesus, die Seun?
- Waarom is die Kerk van Jesus so vasgevang in New Age?
- Wat is die kenteken van “doop met die Heilige Gees”?
- Is daar  `n “verlede” Kerk (historiese Kerk) teenoor “vandag se Kerk”?
- Wie het  Geeswerking in die gemeentes uitgeblus EN
- Het Paulus geweet wie die Gawes uit wou blus, dit is alreeds in sy tyd?
- Het God ook Sy Gees aan Reformiste gegee EN indien wel.......
- Was hierdie  kenteken ook onder hierdie sektor talespraak?

--------------------------

**Die Gees van God bring lewe!**

Andrew Murray wie ook die doping met die Heilige Gees sprekend in tale ontvang het, iets wat dikwels vandag ontken word, skryf: "Net so noodsaaklik as die gebod om nie van wyn dronk te word nie, is die ander, om met die Gees vervul te word....Laat ons, in geloof hierin, in alle eenvoudigheid vra na die weg om ooreenkomstig Gods wil te lewe, soos diegene wat met die Gees vervul is." Dan verwys hy in sy skrywe na "diegene wat hierna verlang..." p.46, *Die Volle Pinksterseën*.

En dit is die kruks van die saak! Diegene wat na Geesvervulling smag sal dan op hierdie volle Pinksterseën kan aanspraak maak. Andrew Murray onderskryf  gevolglik met baie  goeie rede Petrus se aanbeveling om nie dronk te word van wyn nie, maar om liewer vervuld te word met God se Gees en wat ons dan tot die logiese gevolgtrekking bring dat die neem van drank nie in hierdie konteks bloot `n  metafoor is wat  suiwer simbolies aangewend sou kon

word nie, maar ons het hier inderdaad te make met `n vergelyking tussen twee belewenisse of ervaringsvelde, naamlik (1) om wyn te gebruik om die mens “goed” te laat voel” teenoor die definitiewe, ontvangs van die Heilige Gees wat die mens geestelik vernuwe en wat veral die mens se gemoed en gemoedstemming positief sal beïnvloed, iets wat duidelik op Pinksterdag gebeur het. Om hierdie rede kon Petrus sy stelling met vertroue maak want hy kon toe van ervaring getuig het! As Andrew Murray inderdaad bedoel het dat die ontvangs van die Heilige Gees outomaties by kinderbesprenkeling plaasvind, sou hy tog nie pertinent verwys het na “diegene (dit is onder sy eie lidmate) wat hierna verlang” nie. En hoeveel is daar nie wat steeds , tot vandag toe, en selfs met die grootdoop wat hulle wel ondergaan het, smag na hierdie goddellike “Krag-uit-die-hoogte-ervaring” nie? En beslis verwysend na die egte weergawe en nie `n New Age namaaksel nie.

Ons leef voorwaar vandag in swaar tye en veral op die geestelike gebied. Dit is duidelik die laaste dae en baie misleidende geeste het in die wêreld uitgegaan maar alhoewel die kerke in die algemeen, en tot n groot mate toe, alles wat eg geestelik is, verloor het, is daar darem nog diegene wat ware Geesvervulling deelagtig geword het en wat dan hierdie blye boodskap nogsteeds kan uitdra. Ook natuurlik almal wat dit nog nie gesmaak het nie maar wat met `n blye verwagting uitsien daarna. Ekself ervaar daagliks hoe Jesus die werke van die Duisternis kan verbreek deur die krag van Sy Gees en veral met die gebruik van talespraak, beoefen in geloof en Skrifwaarheid. Ek kan tot vandag toe sien hoe vlug die vyand van ons siele en wie baie goed weet dat ons vertroosting in Christus is, dit is wanneer die Gees van God eg en werklik opereer. Sataniese bande breek en genesings vind plaas. Tekens volg wat daarop dui dat Jesus leef en wat die gelowige wie vashou aan Skrifwaarheid moed gee om temidde van groot verwarring en `n New Age-gees wat soos n donker kleed oor moderne kerkdom hang, voort te beur teen die geweldige sterk aanslag teen die Naam en saak van Jesus.

**Die New Age-aanslag is gemik teen ware Heilige Geeservaring**

Nou wat is New Age anders as n spiritistiese Hindoïstiese gees van misleidende geestelikheid (!) wat die egte werking van die Gees uitblus net om plek te kan maak vir pseudowerking van die Gees en dit is dan met ander woorde `n namaaksel wat nie n skeiding tussen die Lig en die Duisternis bring nie maar wat die boodskap van Lig met dié van die Duisternis wil vermeng en dit is niks anders dan nie as gemengde offers waarteen God juis sterk gekant was in antieke Israel en toe Baäl en Asjera saam met die ware God van Israel en Sy Verbondboodskapper vereer was. En die problematiek van hierdie tipe geestelikheid wat dan in plek val, is dat diegene, naamlik die Christene wie veronderstel is om die salwing van God se Gees te hê en sodat hulle onrein, afvallige geeste sal kan onderskei, nie eens bewus is dat daar iets in hierdie tipe samekomste kortkom nie. Alles word outomaties as “normaal” aanvaar en so asof dit wat Jesus wesentlik aan ons voorhou onder die Nuwe Verbondbedeling, nogsteeds veilig in plek is (1 Kor. 12.7-11; 1 Joh.1.26-27). Wat dan ontbreek is die waaragtige, Nuwe Testamentiese (apostoliese) salwing met die Heilige Gees. En met hierdie saak in gedagte, kom dit daarop neer dat die Kerk van Jesus die meelewende boodskap, daardie apostoliese boodskap wat gedompel was in Heilige Gees-krag en ervaring soos wat die apostels dit van Jesus baie duidelik ontvang het, en wat dan aan ons oorgelewer word in die Nuwe Testament, inderdaad nie meer het nie.

Vormgodsdiens, dit is om aanbidding so aan te pas dat daar net van God se grootheid gepraat word ook daarna verwys word, maar dit nooit self te kan ervaar in Geesbelewenis nie, het dan inderdaad afvalligheid gevestig en tot so `n mate toe dat almal lustig oor die Woord redeneer ook die “regte” kontekstuele assosiasies soek, maar net om die sondige mens se sondige dade veilig in plek te kan hou in plaas daarvan om die vernuwende Krag van die Heilige Gees weer terug te bring in samekomste waar Jesus se Naam aangeroep word, en waar die eerste apostoliese Waarheid wat op effektiewe wyse aan ons oorgelewer is, terug te bring in die harte en lewens van sterwelinge wat Geesvernuwing juis nodig het om te kan breek met hulle sondige dade. Jesus het tog sekerlik gesterwe om die onmoontlike vir die mens te kon doen omrede die sondige mens net uit sy sondige bestaan sal kan tree met behulp van die Krag van die Heilige Gees!

En dit is ons onderpand of dit was veronderstel om dit vir die gelowige te wees tot in alle ewigheid (2 Kor. 5.5) : “*Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.*” (Vergelyk hierdie gekwoteerde teks met Hand. 2.33). 2 Kor. 1.21-22: “*Maar Hy (die Vader) wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God; wat ons ook verseël het en die Gees as ondeerpand in ons harte gegee het”.* God die Vader het dan Sy Gees in ons harte gegee deur Jesus Christus ons Here. Ons kan sien hoedanig Paulus ware aanbidding by ons tuisbring en hy het dan nogsteeds die een ware God van die Ou Testament deur Sy vleesgeworde Seun verkondig (Deut. 6.4, die Shema) . Hy het verder ook nie die Gees van God ooit die derde persoon, soos latere teoloë van die post-apostoliese era dit gedoen het, gebring nie. New Age het dan inderdaad vermenging van geloofsbelydenisse in plek laat val tot vandag toe en die verwerping van die Gees van Waarheid, naamlik die Heilige Gees en die salwing daarmee, het tot afvalligheid gelei (Joh. 15). Om hierdie rede moet ons altyd waak oor ons verhouding met die ware God van die Bybel en ons as gelowiges moet dan ook gedurig bid dat die gees van dwaling wat op die vroegste Kerk toegesak het, en wat in werking gestel was toe die Geesgawes uitgedoof was, ons nie ook sal beïnvloed nie.

Bybelstudie sonder gebed en ware toewyding aan God die Vader deur Jesus Christus Sy eniggebore Seun, sal ons dan nie juis baat nie omrede dit net `n deur sal oopmaak vir satan om in te kom met baie vrae en hierdie tipe pad sal ons dan net beroof van ons seëninge in die Here. Nie dat die Woord nie ryklik in ons moet woon nie! Dit verklaar Paulus tog baie duidelik vir ons. Die Woord bevat juis die beloftes en die seëninge wat juis gegee was vir God se Ou Testamentiese volk EN onder die Nuwe Verbondbedeling beslis ook vir almal wat in God glo (Joh. 3.16). Maar as ons die dieper ervaring wil smaak, sal ons ook ons geestelike harnas saam met die Woord moet koester. Om hierdie rede moet ons alles in ons vermoë doen om geestelik te dink want Jesus verklaar tog dat ons die dinge wat daar bo is moet bedink omrede die aardse dinge, as ons ons siel daaraan sou verkleef, ons net sal skei van Christus. Om hierdie rede moet ons strewe wees om ook vervuld te word met God se Gees. Ons moet dan stry en in gebede volhard, ook selfs bereid wees om te vas en ons periodiek (!) af te sonder van die aardse, en sodat ons met God se Gees vervuld kan wees. Die “swaar tye” waarna Paulus verwys is dan nou in volle swang en omrede ons so intens omring is met die sensuele, die spreekwoordelike “aardse” of “vleeslike” bestaan, sal ons al ons kragte moet inspan om die geestelike pad te bewandel.

**Wat is dan die oplossing vir elkeen wie graag wys wil wees, ook deel van die Bruid van Christus?**

Kom na Jesus se voete toe! Omhels Sy Naam want dit bewaar jou teen satan se misleiding. Glo in die bloedoffer van Jesus wat juis onlosmaaklik met die Gees van God verbind is (He. 9.14). Soek ware gemeenskap met Jesus deur die Woord en deur gebed, iets wat, uit die aard van die saak, nie vanselfsprekend in ons skoot sal val nie. Vra volgehoue en volhardend vir die egte(!) invulling met God se Gees want satan skrik nie vir n namaaksel nie! Soek gemeenskap met ware Geesvervuldes wie ware Geesvervulling deelagtig geword het. Wees versigtig dat nie een en elk vir jou handoplegging doen nie. Maak seker die een wat dit doen se gawebeoefening getuig van God se Kragwerking. Die manifestasie van God se Gees is altyd onweerspreeklik. God wil in hierdie dae en Hy gaan dit doen, Sy ware kinders onder een Hoof, naamlik Jesus inbring (Ef. 1). Wat ons ook deurlopend in gedagte moet hou, is dat ons altyd moet waak teen misleidende geeste wat in die wêreld uitgegaan het (1 Joh. 4) en wat ons net sal kan systap as ons volhardend `n toegewyde gebedslewe najaag en die Woord van God voor oë hou. Gebed is dan inderdaad gemeenskap met Jesus Christus, die Hoof van die gemeente (=die globale *ekklesia* van bloedgewastes) deur die Gees van God want deur gebed hou ons die spreekwoordelike gebedslyn oop na die Troon van God toe (Heb. 3.6; Heb. 4.16). Dit is dan die Gees van God wat ons aanspoor tot hierdie tipe verbintenis met ons God en natuurlik altyd deur Jesus Christus, enigste Middelaar tussen God en mens (1 Tim. 2.5). Ons neem dan altyd deel aan `n geestelike wedloop wat streng volgens voorskrif moet verloop, andersins sal daar geen vrug op ons arbeid (=geen beloning vorentoe) wees nie: "*En verder, as iemand aan `n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie.*"(2 Tim. 2.5).

Ons behoort dan altyd Paulus se voorskrif as maatstaf vir ons belydenisse in gedagte te hou: *"Broeders (en susters), ek maak julle die evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan, waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het"* (=as julle dit nie sou doen volgens apostoliese voorskrif nie, want dan sou julle wel gestry het maar julle sou dan verniet gearbei het). Ons behoort tog te kan begryp dat, net soos wat die Nuwe Testamentiese apostoliese briewe die boodskap aan ons oorgedra het, so moet ons daarin volhard. En die kroon op die apostels van Jesus se bediening was juis die ontvangs van die Heilige Gees wat deur die kruisdood van Jesus, waarsonder ons nie gered kan word nie, na ons toe uitgegaan het (Hand. 1.8; Hand. 2.33; Ef. 4.4). Laat ons dan strewe na die ware vervulling met God se Gees sodat Jesus weer n werklikheid vir ons kan wees.

Ek het onlangs weer ervaar hoe Jesus Sy Naam verheerlik toe `n vrou op wonderbare wyse genesing ontvang het van `n eienaardige vergroeisel en wat uitgeval het op `n magwoord in die Naam van Jesus gespreek. Sy kon getuig het van God se groot krag en Jesus se getrouheid teenoor die dokter wat toe die wond moes heg – die bewys dat dit wel daar was! Ek was juis besig om die Here te vra om Sy Naam te verheerlik op wonderbare wyses omrede daar so dikwels aangevoer word dat die Christene bid maar daar is geen tekens van daadwerklike genesings nie. Ons leef juis in tye waar die Naam van Jesus net eenvoudig meer en meer op die agtergrond geskuif word omrede die wêreldtendens nou dikteer dat ons eerder "God" moet gebruik as "Jesus". My redenasie was nog altyd: As daar nie eens gehoor gegee word aan Petrus se opdrag op Pinksterdag nie, hoe wil ons nou Jesus se Naam verheerlik sien wanneer vervolging in plek val? En op hierdie gebed kon ek en `n gelowige saamstem. Jesus verklaar juis: "Waar twee of drie oor een saak in my Naam saamstem, daar sal dit so wees!" Die apostels van Jesus kon juis bid, dit is toe hulle gedreig en belet was om nie in die Naam van Jesus (Yeshua) op te tree nie, dat God die Vader die Naam van "Sy heilige kind, Jesus, moes verheerlik".

**Wat gaan ons dan DOEN met Jesus?**

Gaan ons Sy waarheid en dit wat Hy aan ons deur Sy kruisdood oorgelewer het, net eenvoudig opsy skuif omrede ons vervolging wil vermy? Feit is, ons sal moet stand inneem vir Jesus! Ons sal moet opstaan vir Hom AS ons enigsins wil aanspraak maak op Sy beloftes en seëninge. Ek voel om hierdie rede baie sterk daaroor dat die doop in Sy Naam die bewys is van ons liefde vir Hom, en natuurlik veral ons geloof in Hom as enigste en ware Verlosser van die wêreld (1 Joh. 3.22-24) : "*En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhet soos Hy ons `n gebod gegee het. En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy (Jesus) ons gegee het"* (kyk ook Hand. 2.33).

Ek ervaar dan keer op keer hoe Jesus Sy Woord bevestig want as daar gebid word, werk God saam deur Sy Gees en Hy bring dan ook waarlikwaar die uitkoms! Soms manifesteer God deur Sy Gees teen sataniese werkinge en deur die kragtige salwing van talespraak bring Hy die werke van die Bose dan inderdaad aan die lig en sodra dit in die lig openbaar gemaak is, verbreek God, nie die mens nie, die aanslag van satan wat natuurlik op verskeie wyses kan manifesteer. Maar waar geharde, sataniese werking aanwesig is, is dit net God wat deur Sy Gees kan optree maar dan moet ons die Gees van God toelaat om te kan manifesteer soos wat Hy dit in Sy Woord aan ons voorhou. So nie, sal ons geen resultaat ooit kan sien nie. Jesus het juis gekom om ""...almal te genees wat deur die duiwel oorweldig is" (Hand. 10). Genesing tree dan ook in waar hierdie tipe aanslag belewe word en wanneer die mag van die Duisternis deur die Krag van die Heilige Gees verbreek word in die Naam van Jesus. En dit is maar een faset van God se wonderbare Geeswerking.

Die rede waarom Christene hulleself dan so verarm aan ware Geesvervulling en Geesbelewenis, is omdat hulle nie glo dat die Geesgawes, net soos die waterdoop, nie net vir die Bovertrek bedoel was nie (Hand. 2). En, weens ongeloof en wanpersepsie, word Jesus dan netjies uit Sy eie boodskap uitgefaseer! Die ontvangs van die Heilige Gees was inderdaad ook belowe vir "die wat daar ver is" want die verlossing deur die kruisdood van Jesus was nie net beskore vir die eerste eeuse Christene nie (Hand. 2.38). Dit was juis die afvallige Kerk wat die Geesgawes uitgeblus het - dit is verwysend na die nege Geesgawes wat Paulus in *1 Kor. 12.7-11* behandel en wat dan ook baie goed ooreenstem met die simboliese Sagaria-lamp bestaande uit nege snuiters, dit is teenoor die *Menorah* wat suiwer op Jesus Christus, Messias van die Alleenwyse God, betrekking het (Jes. 11). Die olie wat van bo af drup en wat dan op hierdie wyse verbind met die nege arms van hierdie besondere kandelaar, is dan die Gees-

salwing van Bo wat nie net op Jesus gerus het nie (hoewel op Hom in volle maat), maar dit het ook deur Sy kruisdood en opstanding tot ons gekom (Hand. 10). Hiervan getuig Lukas se *Handelinge* tog baie duidelik want God het inderdaad deur wonders en kragtige dade, dit is deur middel van die gawes van kragte, genesing, talespraak, profesie, geloof, ensovoorts (1 Kor. 12) deur die Apostels gewerk en so was die werklikheid van `n verrese Jesus herhaaldelik beklemtoon, dit is met ander woorde bedoelend deur Sy opstandingskrag wat tot vandag toe geld vir almal wat glo (Rom. 1.4).

God se doel met die koms van Sy Seun in die vlees, was dan om met ons die meer deurtastende, doelmatige Nuwe Verbond te kon sluit want die ontvangs van die Heilige Gees sou dan ook op die noodsaaklike wedergeboorte volg EN wat ons dan veral in gedagte behoort te hou, is dat die ontvangs van die Heilige Gees (=die wesentlike toerus met Krag uit die Hoogte, Hand. 1.8), saam met die volheid van die tye en die koms van die Messias in plek geval het, en om hierdie rede het Petrus dan ook spesifiek na die Profeet Joël se Godspraak verwys (Hand. 2; Gal. 4). Dit was dan nie asof Jesus se vervulling van die Wet van Moses, dit is die geskrewe wet met al sy presiese voorskrifte, soos wat dit aan ons oorgelewer is in die vyf “Boeke van Moses” (Torah), nie meer nodig sou wees nie, maar die Nuwe Verbondbedeling het dit wat inderdaad kortgeskiet het onder die Wet van Moses, naamlik die innerlike krag en vermoë om die besondere nougesette lewenswandel met God, en wat die Wet op God se voorskrif vereis het (!) wel na te kon kom (dit uit te kon leef).

Dit is dan die volle betekenis van die ontvangs van die Heilige Gees (=die toerus met Krag uit die Hoogte), wat in die Bovertrek `n aanvang geneem het maar wat die afvalliges uitgeroei het omrede hulle hulle eie vormgodsdiens in plek wou stel (Hand. 1.8; Hand. 20.17+; 1 Thes. 5.19-20; 2 Thes. 2). Paulus verklaar tog baie duidelik, onder inspirasie van God se Gees: “(Hierdie mense, dit is verwysend na daardie afvalliges wat die apostoliese boodskap verdraai het volgens hulle eie insig en begeerte) was dan volgens hierdie apostel “...mense wat `n gedaante van godsaligheid het, maar hulle het die krag (!) daarvan verloën” - dit wat dan deur God se Geeswerking in die Bovertrek gemanifesteer het en wat veronderstel was om deel te gevorm het van die gehele Kerk van Jesus op aarde, naamlik Sy bloedgewaste *ekklesia* sou dan volgens Paulus se boodskap en wat hy in *1 Kor. 15.1-2* beklemtoon word, vanaf die Bovertrek tot en met vandag toe gehandhaaf moes word. Waarom? Omrede die Krag van die Heilige Gees (dit is die Krag uit die Hoogte waarna Jesus verwys het, *Hand. 1.8*) die stukrag van die Kerk van Jesus op aarde sou wees.

Die Gees van God was dan baie duidelik daardie “Krag” van Bo wat na die verdwyning van die apostels van Jesus uitgeblus was (1 Thes. 5.19-20). En dit wat toe oorgebly was toe op die ent die “vormgodsdienskerk” en wat dan ook heeltemal in stryd met die eerste eeuse Kerk van Jesus in plek geval het (1 Kor. 14.26+). Diegene wat dan die toerus met Krag uit die hoogte, dit is die wesentlike ontvangs van die Heilige Gees wat in talespraak gemanifesteer het (v. *Handelinge van die Apostels*),verwerp, is dan niks anders nie as volgelinge van hierdie verwerplike vormgodsdienskerk. God was duidelik nie tevrede met hierdie ontvormde Kerk nie! Hierdie tipe sou dan nie volgelinge van die Nuwe Testamentiese leer van Christus wees nie! (1 Kor. 15.1-2).

Om hierdie rede word verdraaide boodskappe deur selfs teologiesgeskoolde geleerdes gebring, tot vandag toe, want hulle verkies om te volhard in daardie afvallige leer wat in plek van die eerste eeuse apostoliese leer ingestel was. En wat die Christene nou, met vervolging op die horison, juis broodnodig het, is die waaragtige invulling met God se Gees-krag van Bo. Net dit sal ons kan deurdra in hierdie besondere uitdagende eindtydperk en wat al hoe sterker sal opbloei in verwerping van Christelike waarheid. Om hierdie rede sal bloedvergieting, vervolging teen die ware Kerk van Jesus, haat en nydigheid teen die verrese Jesus al hoe sterker manifesteer. Hierdie geloofseenwordinggees wat al hoe sterker teen ons aankom, gaan baie op subtiele wyse in sy dodelike net van geestelike slaap vang! Net hulle wat Jesus deur dik en dun sal kan behou, sal gered word! So laat ons strewe wees om opnuut vervuld te word met die Gees van God, want dit IS net Krag uit die hoogte wat ons tot volharding sal kan aanspoor.

**Die wankelmoedige mens was deur die Kruisdood van Jesus in staat gestel om sondevry te kon lewe.**

Christus het God se Eden-Plan ten opsigte van die mens, haalbaar gemaak want die bloed van Jesus was dan ook in staat om die siel van die mens volkome te reinig (1 Joh. 1.7-9; Heb. 9.14). Die vernude mens, dit is deur die wedergeboorte en wat onlosmaaklik aan die Kruis verbind is, sou dan die onmoontlike vir die mens kon doen en wat dan sou beteken dat die nuutverworwe, bloedgewaste natuur van die mens, inderdaad tot verlossing *uit* die *mag* van die sonde en die dood sou lei (Rom. 12; Mat. 5.17).

Hierdie oorwinnaarslewe in Christus – altyd in en deur Hom! - sou dan nie moontlik gewees het, as dit nie was vir die toerus met Krag uit die Hoogte nie (Hand. 1.8) want die mens kan uit homself niks vermag nie, selfs met die omvattende voorskrifte wat God gegee het in gedagte en wat dan wel bedoel was om, alreeds onder die Ou Verbond, die mens tot `n sondelose bestaan te kon lei maar waarin die mens tog volgehoue kortgeskiet het omrede daar meer as verbale belydenis en kennis van die geskrewe teks nodig was om die mens tot `n sondevrye bestaan te kon lei.

Paulus verklaar dan om hierdie rede baie duidelik in Rom. 8.10-11: “*Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het (*die Gees van God die Vader) *in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.”*

Volgens hierdie Pauliniese verklaring kan ons net dood wees vir die sonde (= `n sondevrye bestaan voer) as ons die Gees van God ontvang (=deelagtig word), tog nie alleenlik ontvang nie, maar dit permanent sou besit net soos wat iemand `n huis vir homself sou bou en dit dan dag en nag sou bewoon, tog nie alleenlik sal bewoon nie maar ook volle eienaarskap daaroor sal kan uitoefen. Die Gees van God oftewel deelname daaraan, is dan nie losstaande te verkry nie, dit is met ander woorde so asof die Gees van God dan sonder enige prys net bloot geëis kan word en asof dit dan outomaties verkrygbaar is nie. Daar is inderdaad `n prys aan besitname daarvan verbonde en dit is dat ons Jesus Christus eienaarskap van ons lewens sal moet gee in ruil vir die volheid van Sy

Gees. Sy lewendmakende Gees word dan voorwaardelik aan ons geskenk en wat dan totale oorgawe aan Sy Meesterskap (His Lordship) behels. (Heb. 9.26): "Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om met die sonde deur sy offer weg te doen" (Gal. 4).

Sou ons gevolglik eenwording met God se Gees by ontvangs daarvan vanuit hierdie invalshoek benader, behoort ons te kan besef dat ons dan afstand sal moet doen van ons sondige *natuur* en wat die mens volgehoue tot sondebedrywing sal dryf tensy die mens saam met God se Gees sou meewerk om die kiem van die sonde, dit wat die instandhouding van `n sondige bestaan verseker, met behulp van God se Geeskrag sal kan uitroei.

Dit is tog duidelik die rede waarom Paulus verklaar het dat die gelowige wie Christus aangeneem het as "Here" en as "Verlosser" saam met God se Gees sal stry vir aflegging van `n sondige bestaan: Rom. 8.12-14: "*Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie..." (soos wat die Gnostiese sektes sou doen en vir wie sonde nie bestaan het nie), (13) "...want as julle na die vlees lewe (volgens die Adamsnatuur), sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe."*

Dit is egter nie asof ons ons eie saligheid eintlik deur goeie werke en inspanning moet verdien nie maar omrede ons met die ontvangs van die Heilige Gees een word met Christus ons Saligmaker, ontvang ons Krag uit die Hoogte om ons doelgerig en doelbewustelik aan God se wil te onderwerp. God se Gees wat lewend maak (Rom. 8.11) sal ons dan deur die Gees lei om heilig en toegewyd aan God te lewe. Ons sal dan ons vleeslike liggaam volgens God se voorskrifte doelgerig reinig deur die aflegging van alle sondige dade en sodat ons tempels van God se Gees kan wees (1 Kor. 3.16).

Die "lede" wat ons dan moet aflê is dan alles wat ons dryf en wat ons dan skei van Christus en wat Hy in Sy Woord aan ons voorhou as sonde. God se Gees sal wel almal wat aan Hom behoort lei, maar die daadwerklike toerus met Krag uit die hoogte stel ons soveel meer in staat stel om teen die mag van Satan keer op keer te kan oorwin. Nie almal praat in tale nie, so asof hulle dit dan as `n gawe van God blywend ontvang het nie – iets wat wel ook in die eerste eeuse Kerklike beoefening deurskemer – maar diegene wat hulle oopstel, deur ontvanklikheid van gees, ook om erkenning aan ware doop met die Gees van God te gee, sal wel Krag van bo ontvang om te kan volhard in gebed en sodat God inderdaad Sy wil op gegewe tye deur hulle bedieninge kan uitoefen, of dit nou gebed is vir siekes, byvoorbeeld, of vir enige besondere taak wat God op hulle mag lê op `n gegewe tydstop. Jesus is altyd daar waar Sy Naam aangeroep word! Maar Hy verlang tog ook dat ons die Gees-gawes waarvoor Hy gesterwe het, om dit los te kon maak op Golgotha, en wat Hy mildelik op Sy eerste eeuse Kerk uitgestort het, sal koester tot en met Sy terugkeer!

Omrede Christus dan juis gekom het om sondaars tot bekering te roep, sal Hy van ons verlang om `n deursigtige lewe te lei, dit is volgens Sy wil en welbehae en sodat Hy deur Sy Gees in en deur ons as Sy instrumente kan lewe (1 Tim. 1.15)! Ons is, met hierdie saak in gedagte, dan nie in die duister gelaat nie, maar omrede ons juis deur die Gees van God deur die wedergeboorte wat ons deelagtig geword het, gelei word, sal ons wel kennis neem van God se voorskrifte. Dit is juis die Gees van God wat nooit onafhanklik van Jesus Christus, enigste Middelaar tussen God en mens optree nie, en wat dan deur ons gebede God se Geeswerking in en oor ons aktiveer en wat ons dan in staat stel om volgens die wil van God te kan bid want sodoende sal ons God wel kan behaag (1 Tim. 2.5; Rom. 8.26-27). Maar hierdie tipe Geeswerking spruit voort uit dit wat in die Bovertrek begin het (in werking gestel was) en wat dan nogsteeds kan manifesteer in en deur ons AS ons God sou toelaat om van ons besit te neem! Ons strewe moet dan wees om waarlik hierdie Krag-uit-die-hoogte-ervaring deelagtig te kan word! Net soos wat dit die geval met die apostels van Jesus en hulle volgelinge was.

**Jesus tree vir ons in, ook deur die Gees van God**

Dit is Jesus Christus, ons Hemelse Hoëpriester, wat by God die Vader vir ons intree (24/7) en sonder Hom aan wie God die Vader Sy Gees gegee het om dit uit te stort oor Sy gemeente (sy ekklesia) - wat in Jerusalem begin het maar wat deurlopend tot vandag toe elke gelowige wat in Christus bly onder een Hoof versamel, naamlik onder Hom, die Seun – kan daar geen intrede (intercession) wees nie (1 Tim. 2.5; Heb. 2.17-18; Heb. 5.5; Heb. 5.9; Heb. 5.27; Heb. 8.6). Heb. 4.14-26: "T*erwyl ons dan `n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie `n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te kan word"* (Lees hierdie Pauliniese teks gerus saam met Hand. 2.33 en Rom. 8.26-28).

Ons kan God dan net inwonend besit as Christus (=Jesus) in ons is (=as ons Hom volgehoue deel van ons lewens sou maak) en weereens deur die Gees van God wat Hy deur die Kruisdood van Sy Seun aan die verlostes geskenk het (Hand. 2.33)! Al wat ons as mens dan nog moet doen vanaf ons kant, dit is nadat ons wedergeboorte deelagtig geword het, is om te volhard in gebed en toewyding aan God (Rom. 8.25-26). Sonder hierdie tipe toewyding en verantwoordelike deelname aan ons verlossing deur Christus, aan wie ons ons dan gewillig onderwerp by ons wedergeboorte, sal ons nooit instaat wees om ons sondige natuur (=die volle Adamsnatuur) af te kan lê nie. Daardie gelowige wat dan bereid is om sy/haar gemoed ontvanklik te maak vir die noodsaaklike ontvangs van die Heilige Gees, sal *Rom. 8.14* wel kan begryp: "*Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."* En dit is hierdie Christen wat saam met Paulus sal kan verklaar *: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordigheid of toekomende dinge, of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."*(Rom. 8. 37-39). Dit is dan Jesus Christus wat weereens by ons bly tot aan die voleinding van alle dinge (Mat. 28.20).

Almal wat dan hierdie verklaring in volkome onderwerping aan God se wil kan maak, is dan "kinders van God" en vir hulle sal geen opoffering vir Christus en deelname aan Sy Koninkryk, naamlik om volgens die wil van God die sonde af te lê sodat God se voorskrifte gehandhaaf kan word, te groot wees nie. Dit is ook hierdie wedergebore

korps wat “sonde” nie sal rasionaliseer volgens eie verdigsel en verklaring nie, maar hulle sal weet dat God geregtig is en dat die beoefening van geregtigheid juis die wankelmoedige mens in lyn met God se voorskrifte bring.

**Die enigste Volmaakte sal die volmaakte (perfekte) eeu met Sy wederkoms aankondig (1 Kor. 13.10).**

Die Heilige Gees ontvangs was dan inderdaad God se belofte en nie alleenlik Sy belofte nie, maar ook Sy begeerte om hierdie belofte tot vervulling in elke gelowige wie Christus sy saligmaker gemaak het, te bring. Die vroegste Kerk het hierdie wilsbestemming van God, dit is vir elke gelowige, uitgelewe, ook aan ons in al hulle voorskrifte oorgedra en wat dan bedoel was om voort te bly leef tot op die wederkoms van die enigste Volmaakte wie wel vlees deelagtig geword het (Jesus het vlees geword en Hy was gebore as `n menseseun in Bethlehem) maar wie nooit gesondig het in die vlees nie (Heb. 4.15).

Wanneer Hy dan weer sal kom (1 Thes. 4.13+), sal die “volmaakte tydperk” - dit wat *1 Kor. 13.10* dan baie goed en Skrifgetrou vir ons saamvat - aanbreek en wanneer alles dan ten einde sal verloop het. Dan (!) sal die nege Geesgawe – die volle toerus met Krag uit die Hoogte (Hand. 1.8; 1 Kor. 12, 14), nie meer nodig wees nie. Dan sal die oorwinnaars die volmaakte “eeu” saam met Christus beleef. Dit is nou bedoelend almal wat God se Woord gelowig geglo het en wie getrou in die voetspore van die eerste eeuse Kerk gevolg het, ook in gehoorsaamheid aan God se opdragte volhard het. Dit is hierdie bloedgewaste, gehoorsames wie met ander woorde nie eiesinnig opgetree het nie maar wie die voorbeeld wat die Apostels van Jesus (die 12) aan ons voorgehou het in ere gehou het (1 Kor. 15.1-2). Almal wat dan sal beërwe sal nie meer die (tydelike/dit wat vir hierdie eerste bedeling gegee was) naamlik die noodsaaklike talespraak, profesie wat ook in geïnspireerde prediking ten uiting kom, gesondmaking, uitleg van talespraak, onderskeiding van geeste, geloof, wysheid en kennis nodig hê nie (1 Kor. 12.7-11; 1 Kor. 14.39; 1 Thes. 5.19-20), dit is dan verwysend na daardie gawes wat gegee was om die gelowige (die ware kinders van God) te kon lei, te beskerm, op te kon hef, te onderskraag, te kon voorsien in al hulle geestelike nood en behoeftes) want dan sal Hy wie die wil van God tot perfekmaking (completion) gebring het deur Sy lyde en sterwe, vir altyd by ons wees (Open. 20.9+; Sag. 13)!

**Maar NOU bly die drie uitstaande vereistes vir volharding op ons geestelike pad oor**:

1 Kor. 13.13: *“En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde*.

**(1) Hoop** : Rom. 8.24: “Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie (=Ons sien nog deur `n spieël in `n raaisel omrede ons nog nie die volle openbaring van alles ontvang het nie en om hierdie rede hou ons vas aan Jesus deur te hoop (=wat volharding, afwagting en getrouheid aanwakker), in Hom ons Verlosser en Saligmake. Deur hoop hou ons dan vas aan die volle boodskap wat wel by die verskyning van Jesus tot voltooiing sal kom, dit is via die porsie van Sy Gees wat onder die Nuwe Testament-bedeling saamtrek in die nege Geesgawes wat Jesus as geestelike mondering en vertroosting aan Sy gemeente hier op aarde geskenk het ( v. 1 Kor. 12), dit is met ander woorde verwysend na die porsie of gedeelte van God se Krag wat ons hier benede ontvang, naamlik deur die ontvangs van die Gees van God (= volgens die grondbetekenis van *1 Kor. 13* met verwysing na die Pauliniese “ten dele” ontvangs van die Gees van God en wel bedoelend die gedeeltelike erfporsie wat ons dan hier benede ontvang (dit is vanaf die Bovertrek-uitstorting van die Heilige Gees tot en met vandag) maar (!) wat wel tot volle volmaaktheid sal kom wanneer die volle of perfekte openbaring in plek sal val en wat dan nie net gedeeltelik sal wees soos dit waarop *1 Kor. 13.10* inderdaad sinspeel nie).

Voorgaande wys dan heen op die daadwerklike verskyning van die Seun van God en wie dan ook in staat is om alles tot voleinding/voltooiing (perfekmaking/volheid) te bring – Hy die Volmaakte is dan die spilpunt op wie ons geloof rus en draai, naamlik Jesus die Christus wie weer sal kom om dit wat tydelik gegee was (=al die Geesgawes) dan weg te neem omrede Hy dan self in die midde van die gelowiges sal wees en hulle sal dan geen vertroosting (die doel van die Gawes) meer nodig hê nie. Die onverstaanbare sal dan, in daardie perfekte, voltooide era, verstaanbaar gemaak word! Maar eers dan!

Terwyl ons dan hier benede is, ook afwagtend is op die wederkoms van die enigste Volmaakte wat ooit gebore was onder die mensdom (Jesus die Christus) het ons wel al die nege Geesgawes nodig – die Gawe van talespraak is eintlik die Hekwag wat al die ander gawes aktiveer en om hierdie rede word daar dikwels meer op talespraak as op enigeen va die ander Krag-gawes gefokus. Om hierdie rede verklaar Paulus dat hy meer in tale spreek as enigeen (= van die Korinthiërs wie geneig was om talespraak te oorspeel en om hierdie rede wys Paulus ook op uitleg van talespraak en veral profesie wat juis talespraak aanvul omrede dit talespraak wat van verborgenhede spreek (1 Kor. 14), verstaanbaar maak aan die volle gehoor! Hierdie tipe aanvulling maak dan talespraak inderdaad nie `n mitiese werking nie, maar funksioneel.

**Die Apostel Paulus verwys dan geensins na talespraak as infantiel en “kinderagtig” nie**

Dit is vergeleke met “toe ek `n kind was het ek gepraat, gedink en gedoen soos `n kind” en so asof hy, Paulus, ook al die deelgenote aan die eerste eeuse Kerk, se Geesbediening/ervaring dan eintlik maar as infantiel beskou behoort te word. Inteendeel, hy kontrasteer inderdaad volwasse begrip met dié van `n kind en wie dan nie alles ten volle sal kan verstaan nie omrede volwassenheid nog nie ingetree het nie. Daarom, direk ná sy kontrastering en vergelyking, dit is van “kindwees” teenoor “volwassene”, verklaar hy juis dat wat ons nou is, dit is in ons huidige onvolmaakte/ontoereikende staat en wat dan op gedeeltelik (tydelik) dui, sal wel tot volheid/voltooiing gebring word deur God self in daardie perfekte era (=ons sal dan eers, in daardie era, ten volle kan deel in die perfekte openbaring, naamlik in daardie besondere voltooide heilseeu. Dit is dan aan die einde, naamlik by die wederkoms van Jesus, Dan eers sal ons die volmaakte era/eeu in besit kan neem, dit is daardie era waarin die Volmaakte self sal regeer (Jesus) en dan sal ons nie meer soos in `n raaiselagtige spieël hoef te kyk nie en wat dan nie `n volmaakte beeld weerkaats nie. Paulus se “Volmaakte” en die “volmaakte era” word dan eintlik

interaktief deur hom as skrywer aangewend en dit is dan nie asof hy sy geloofservarings in Christus (ook sy deelname aan die geloof wat ook in talespraak ten uiting gekom het) as infantiel beskou het nie.

Die Apostel het dan geensins talespraak as onvolwasse beskou nie, dit is opgeweeg teenoor die post-apostoliese Kerk vir wie talespraak dan nie meer sou hoef te gegeld het nie (=weens hierdie korps se meer (selfaangestelde!) aanvaarbare, volwasse benadering tot die apostoliese leer en omrede hulle dan, meer as die apostels van Jesus, kwansuis in staat was om die geheel (=vergeleke met `n volwasse begrip) te kon visualiseer, dit is dan teenoor die skamele, gedeeltelike openbaring van die eerste eeuse Kerk (=die sogenaamde infantiele benadering). Hierdie tipe redenasie trek beslis nie water nie en dit pas dan eintlik so reg in die kraal van die post-apostoliese Kerk wat afgewyk het van die eerste eeuse belydenisse,(1 Thes. 5.19-20). Ons behoort dan weereens `n ondergrawende element, dit is teen veral die apostel Paulus te kan raaksien want dit was juis hierdie apostel wat die ander apostels in kennis en in wysheid oortref het – dit is met hierdie tipe verklaring van die grondteks in gedagte.

Om hierdie rede gryp almal wat so graag die kind saam met die badwater uitgooi graag na hierdie onskriftuurlike resente veklaring.– dit is in plaas daarvan om die egte Geeswerking wat veral ten uiting kom in talespraak (glossalalia) op te weeg met *afvallige* geeswerking en wat wel *kan* plaasvind veral met geeswerking in gedagte. Ons moet dan waak en bid om Geeswerking Bybels te hou!

(2) **Geloof** : (Rom. 15.13): "*En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees.*" Hier behoort ons te kan let op die interafhanklikheid van geloof en hoop. (Rom. 10.17): "*Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.*" (1 Kor. 1.21) : "*Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red.*" (Rom. 10.11): "*Want die Skrif sê : Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.*"

(3) **Liefde** : (Rom. 10.9): "*Laat die liefde ongeveins wees....*" (Rom. 13.10): "*Die liefde doen die naaste geen kwaad nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet.*" (1 Kor. 13.13) : "*En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.*" (1 Joh. 1.10): "*Wie sy broeder (en suster) – die naaste - liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.*"

Paulus verklaar: (Kol. 3.17) : "*Doen ALLES In die Naam van Jesus.*" En die Naam maak dan die skeiding tussen Lig en Duisternis. Veral nou in hierdie New Age era waarin ons ons bevind en waar Hindoïsme wat n misleidende mag van

"mooi werke" al hoe meer manifesteer, het ons inderdaad weer ware Geesinvulling nodig want Paulus verklaar juis dat "*...ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die owerhede die magte in die lug, die wêreldheersers van hierdie eeu".* (Ef.6).

**Samevattend:**

Die Heilige Gees kom tot sy volle werklikheid deur die DRA van die vrugte van die Gees want dit weerspieël juis die vrugte van bekering wat elke kind van God sal moet dra! (Gal. 5.16-26; Kol. 3).

Joh. 15.4-8: *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.*"

Ester Blomerus
2015-11-3

Bronne:

Andrew Murray, Die Volle Pinksterseën, N.G. Kerk-Uitgewers, 1965
Die Bybel in Afrikaans, (Eerste uitgawe 1933), Vierde uitgawe (naslaan) 1957